

NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.



Leraar: Ds. Jaco Thom ☎ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ☎ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ☎ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ☎ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za  NG Kerk Petrusburg

5 Junie 2020

Liewe gemeente, ons hoop en vertrou dat dit nog goed gaan met almal. Met fase 3 van inperking wat ingetree het Maandag 1 Junie het die kerke toestemming gekry om weer met eredienste te kan begin. Die kerkraad moet dus eers op 'n gereedheidsplan besluit en die kerk moet voorberei word met die voorgeskrewe vereistes vanaf die regering. 'n Besluit is geneem om Junie maand verloopig nog nie eredienste te hou nie en eers aan te gaan met die elektroniese dienste.

NB: Indiens jy weet van iemand wat nie toegang het tot ons digitale uitsending nie, kontak Jaco Thom asb, sodat ons 'n plan kan maak.

Ons is nou in Koninkrykstyd

Koninkrykstyd is die tyd tussen Pinkster en Advent. Dit is beslaan omtrent die helfte van die kerklike jaar, en in dié tyd staan ons stil by die vraag: Hoe leef die kerk en gelowiges in hierdie wêreld? Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis in die wêreld. Verskillende skakerings van groen dui in Koninkrykstyd op lewe, groei en vooruitgang.



Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees:

Junie

8 Martiné Du Toit
8 Madelein Van Zyl
9 Morné Nienaber
9 Sam Van Jaarsveld
11 San-Marie Groenewald
11 Marietjie Van Pletzen
12 Ona Oosthuizen

Gebedsversoeke

Voorbedding word gevra vir die volgende persone:

Minnie Griessel – knieervanging 22 Mei, dit gaan baie goed, sy word lekker bederf by haar broerskind Elmien in Bloemfontein, doen oefeninge gereëld en klink sommer baie goed.

~~~~~

Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.

### Eredienste:

Die Sinode verwag steeds dat die deurkollekte ingesamel word, ons sal ook weekliks vir u herinner vir wie die betrokke Sondag se deurkollekte ingesamel word. U is ook welkom om dan die bankkollekte en Dankoffers asseblief elektronies oor te betaal. Onthou om asseblief met die oorbetalings verwysings by te sit soos volg:

Dankoffer + Voorletters en Van  
Bankkollekte of Deurkollekte.

(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

**Deuroffers die Sondag 7 Junie** – Gemeentehulp kollekte2

### Kerkraasvergadering

Dinsdag 9 Junie om 18:00 in die kerk. Ons vra julle voorbedding asg.